

10 Desember

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:6-20

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Efesiërs 5:8-9

Goedheid is deel van wie jy is – wees goedhartig ...

Die woord vir “goedhartigheid/goedheid” in Grieks is “*agathōsynē*”. ’n Omskrywing van die woord is “positiewe eienskappe van jou innerlike karakter, die goeie, goedheid en goeie daad”. Die term “goedheid” is in sommige tale nie maklik om te omskryf nie en daarom sal dit ook beskryf word met “om goed te wees vir”, of “om voordeel te bring” (net soos vriendelikheid!).

In Efesiërs 5:9 word dieselfde woord vir goedheid/goedhartigheid as in Galasiërs 5:22 gebruik. Hier word gewaarsku teen die verleiding met “leë woorde” (“onwaarhede” en “ydellike woorde”). Dit wat gesê word, lei die mense van af God weg. Die gelowiges aan wie die brief geskryf was, was mense wat vroeër in die duisternis gelewe het. Gelukkig het hulle die evangelie geglo en dit het aan hulle die Lig van God gebring sodat hulle self kon sien. “Lig” simboliseer bevryding, nuwe lewe en ’n verhouding met God. Dit is waar die woord “goedhartig/goedheid” inkom. Vers 9 sê: “*Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is.*”

’n Gelowige se lewe moet die vrug vertoon wat deur die Lig – dit is Jesus Christus en die Heilige Gees – voortgebring word. Die lewe van die duisternis bring vrugtelose praktyke voort (vs. 11), terwyl die lewe deur die vrug van die Gees “goeddoen” voortbring. Dit is ook jou roeping om die persoon wat ’n donker lewe lei, deur die Heilige Gees tot bekering en geloof te lei. Jy bring voordeel aan ander, want hulle word dan gered en verlos deur Jesus Christus! Daar is niks so wonderlik nie as om ’n getuie te kan wees van hoe iemand verander!

God is goed vir jou, wees jy nou goedhartig met die een wat jy gister aangespreek het.

Sing: Psalm 23:3

Ds. J van Schaik (Randburg)